# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Posbus 1989 Tzaneen 0850
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter*** *(Aubrey Potgieter) Tel: 083-629 1931*
***Sekretaris*** *(Abel Botha): Tel: 082-773 1488* ***Tesourier*** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**e-mail :** mwabelb@mweb.co.za
**Redaktrise** : Annie Botha 083-4076921 **e-mail** : annieb2@mweb.co.za

## Notule van Bestuursvergadering 7 Oktober 2004

**1. OPENING & VERWELKOMING :**
Abel open die vergadering met gebed en André heet almal welkom, in besonder die nuwe bestuurslede.

**2. DOELSTELLINGS**
Cornel lees die doelstellings van BJV

**3. TEENWOORDIG**

**Bestuur :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| André le Grange | Aubrey Potgieter | Gustav von Below | Carel Buitendag |
| Abel Botha | Marius v Rensburg | Karl Osmers | Cor Olivier |
| Vic Osmers | Annie Botha | Cornel Maré | Stefan Fourie |

**Lede & gaste:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Heimo Wiers | Adriaan Willems | DS v Vuuren | De Klerk Fourie |
| Johnny Rech | Anton Bäckmann | Evert Bekker | SW Warmenhoven |
| Lisl le Grange | | | |

**4. VERSKONINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mike Gamba | Johan Ehlers | Chris de Wet | Aubrey Engelbrecht |
| John Eastes | Walt Katzke | Fritz Jacobs | |
| Schalk Robinson | | | |

**5. VORIGE NOTULE :**

**5.1 Sake voortspruitend uit vorige notule**
Sal onder gelyknamige items behandel word

**5.2 Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**
Die notule van die vorige vergadering (2 September 2004) word goedgekeur en geteken

**6. VASSTELLING VAN AGENDA**
Geen nuwe punte

**7. FINANSIES**

Die vergadering besluit eenparig dat die volgende bestuurslede tekenmagte op die tjekboek sal hê :

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. D. Botha | ID 5301095007081 | A.J.J. le Grange | ID 709205003007 |
| C. Olivier | ID 6403015128085 | S. Robinson | ID 6205105114085 |
| W.H. van Dyk | ID 6802275141086 | A. Willems | ID 4806265081188 |

Die vergadering besluit ook dat daar aansoek gedoen moet word om die BJV bankrekening te koppel aan die Internet bankdienste en dat Cor Olivier as Tesourier gemagtig sal wees om hierdie rekening elektronies te bedryf.

Cor sal met bogenoemde lede en ABSA reël om die tekenmagte oor te dra.

**7. NUWE LEDE**

Faan du Plessis Robert du Plessis (Familie lidmaatskap) George Malherbe Jaques Minnaar en Botha van der Schyff word deur die vergadering goedgekeur

**9. KLUBHUIS & SKIETBAANGRONDE**

9.1 **David** moet die terrein begin skoonmaak vir die Pro-Amm skietdag. André sal uitvind of ons as vereniging kan aansluit by Agri-Letaba sodat ons Round-up kan kry

9.2 **Klubhuis** – Toemaak van kroeg – Staan oor

9.4 **Dranklisensie** - André sal navraag doen

9.5 **Poslec Seta** – Akkreditasie van instrukteurs : Johnny Rech het met Mnr Richards gepraat – hy sal vir ons opleiding kom gee as ons 10 mense wil oplei (@R3000 per persoon). Uitvoerend het besluit om 10 BJV lede van al die takke te borg. Johnny & Carel Buitendach sal dit opvolg en ook met André v d Merwe skakel.

9.7 **Elektrisiteitsrekening**

Eie kragaansluiting - Alles is nou reg. en ons kan aansluit.

9.8 **Skietbaan akkreditasie :**

Die kommando gaan ontbind en dan gaan hulle waarskynlik die skietbaan formeel aan BJV oordra, waarna ons dit sal akkrediteer. André en Wallie sal met John Eastes daaroor skakel

**9.9 CHASA akkreditasie - Toegewyde Jagter status**
Die proses sal nou begin om lede wat kwalifiseer te registreer

**10. SKIETDAE**

**10.1 Pro-Amm skietdag 2004**
Ons is nog dringend op soek na borge – gee enige kontakte deur aan Schalk. Ons moet twee weke voor die tyd begin om advertensies te plaas en ons moet ook vorige jare se skuts kontak (veral Bethal mense)

**11. OPLEIDING**
Setifikate – Abel wag nog vir die foto's

**12. KLEIDUIF** Geen

**13. BOOGJAG** Geen

**14. HANDWAPENJAG** Geen

**15. JAGGELEENTHEDE** Staan oor

**16. REDAKTRISE / PUBLIKASIES / PERS**
Annie moet advertensies plaas oor Pro-Amm

**17. UITVOERENDE VERGADERING**
André gee terugvoering

**18. ALGEMEEN**

**18.1 Wildsete** Lisl finaliseer die reëlings vir die wildsete. De Klerk sal twee bottels en André een bottel rooi wyn skenk vir trekpryse. Cor borg R450 rand vir pryse. Die vergadering bedank hierdie lede.

**18.2 Jaarprogram** Abel lê die Almanak met die jaarprogram voor. Die vergadering besluit dat ons dit self sal druk en Heimo sal uitvind wat laminering sal kos (anders verbleik dit). Heimo sal twee datums vir Eiland skietdae deurgee en Carel / André /Vic sal vir ons 'n datum vir die Junior 1 kursus in Februarie gee, nadat die vergadering besluit het om die Junior 2 kursus te verskuif na die huidige Junior 1 kursusdatum. (Aangesien Daan Roux se plaas se grondeis dalk later in die jaar sal realiseer.)

**18.3 Trofeemeting, skietdag, AJV 4 September 2004**
Die terugvoering oor hierdie dag was baie goed.

**18.4 Eiland tak**

Heimo Wiers lê aan die vergadering voor dat Eiland tak probleme het en dat dit wil voorkom asof die tak nie onafhaklik sal kan voortbestaan nie. Die vergadering waardeer dit dat Heimo en sy vrou en Willie Osmers en sy vrou reusewerk gedoen het in 'n poging om die tak te laat slaag. Daar is egter sekere probleme wat hulle kortwiek. Eilandtak het reeds aan Uitvoerend kennis gegee dat hulle met Letaba sal skakel om as "sub-tak" by ons in te skakel. Die vergadering keur dit so goed. Daar sal twee skietdae en moontlik 'n Impala-aand te Eiland op ons program geplaas word. Heimo word op Letaba tak se bestuur geko-opteer as Bestuurslid met portefeulje "Eiland subtak". Eiland se bankrekening bly hulle eie en hulle sal kostes vir die Eiland lede daarvan verhaal.

**18.5 Ko-optering van Wallie op bestuur** Die vergadering besluit eenparig om vir Wallie op die bestuur te ko-opteer (nadat hy vroeër bedank het) en wil ook vir Wallie bedank vir sy harde werk in die verlede en besef dat hy te veel werd is vir Letaba tak om te verloor as bestuurslid.

**19. VOLGENDE VERGADERING**

4 November 2004 18h00

**Notule goedgekeur as korrek :** **Datum** ………………………………….

……………………………………………….. ………………………………………………

**Voorsitter** **Sekretaris**